



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-10-16

Liewe Ouers

KONSERTFOTO'S en OPNAME

LET WEL: Hierdie twee items moet **APART** betaal word.



Ouers kan die foto's by elke klas besigtig. Koeverte **word verskaf** met die bedrae daarop. U vul die nommers van die foto's wat u wil hê op die koevert in, plaas die korrekte bedrag in die koevert en stuur dit terug skool toe. **GEEN KLEINGELD WORD BY DIE SKOOL VERSKAF NIE.**
Bestellings sluit op Vrydag 6 November.

Opname bestellings word op die D6-toepassing betaal en **sluit op Vrydag 6 November.**

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)

Ons jaarlikse oorslaapaand vind op Dinsdag 8 Desember plaas. Die kostes beloop **R200-00** per kleuter en moet asb. voor/op Vrydag 13 November betaal word. U kan die betaling op die D6-toepassing doen. Stuur bewys van betaling aan adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za asb.

Daar is heelwat aankope wat ons vir dié aand moet doen (Kersvader kom o.a. kuier, ons verskaf aandete en ander verrassings wat ons graag "geheim" wil hou).

Ons sal later volledige inligting oor die aand gee. Dit is 'n hoogtepunt in die kleuters (en juffrouens) se jaar!

LET WEL: Onderwyseresse en assistente slaap saam met die kleuters in die klasse en daar sal ook 'n wag wees wat die terrein gedurende die nag patroleer.

Ons tema volgende week is: **REPTIELE**

Ons persepsies: Klank: **s-klankie**
Getal: **10, tien en tiende**

Assessering: **Skep eie patroon**
Pas drieklank-woorde by prente
Huppel en galop

Oefen: **Veters vasmaak**

Maandag 19 Oktober: ***Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n "s"-klankie***

Dinsdag 20 Oktober: Ons vorm getal 10 uit klei

Woensdag 21 Oktober: Ons skep ons eie patroon en spatverf 'n verkleurmannetjie

Donderdag 22 Oktober: Bak-en-Brou: 'n Skilpad

Vrydag 23 Oktober: ***INLOERDAG vir GR R-OUERS: 08:00-09:00***

GRAAD RR-INLIGTING:

BEKENDSTELLINGSDAG: SATERDAG 7 NOVEMBER

Alle graad RR-kleuters en ouers sal volgende week hul uitnodiging per e-pos ontvang, om op Saterdag 7 November hul nuwe graad R-juffrou te ontmoet. Al die personeel sien daarna uit om hul nuwe 2027-klasmaats te ontmoet!

GRAAD RR-AFSLUITING: DINSDAG 17 NOVEMBER

Ons wil versoek dat die kleuters op die aand van die afsluitingsfunksie asb. wit klere dra. Die kostes vir die aand beloop R190 per kleuter wat eetgoed, foto's en 'n geskenk insluit. Meer inligting volg later.

Ons tema volgende week is: **WILDE DIERE**

Ons persepsies: Getal: **3 en drie**
Klank: **n-klankie**
Vorm: **Driehoek**
Kleur: **Rooi**

Maandag 19 Oktober: Ons verf 'n leeu

Dinsdag 20 Oktober: Ons teken 'n kameelperd

Woensdag 21 Oktober: Ons gaan op 'n soektog na "wilde diere"

Donderdag 22 Oktober: Ons maak 'n olifant

Vrydag 23 Oktober: Bak-en-Brou: 'n Leeu
Lekkertjiedag en skoolhempies, asb.

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel